

Webregulasie Universiteit Stellenbosch

NB: Hierdie regulasie is 'n tussentydse regulasie en word met 'n Webbeleid vervang.

A. Bestek

1. Die Universiteit Stellenbosch publiseer en huisves 'n verskeidenheid soorte webwerwe. Die volgende soorte webwerwe word by hierdie regulasie ingesluit:
 - a. Die institusionele of "korporatiewe" webwerf (www.sun.ac.za) wat verwys na al die webbladsye wat die Afdeling Kommunikasie en Skakeling namens die Universiteit redigeer en opstel.
 - b. Webwerwe van fakulteite, skole en akademiese departemente, afdelings, eenhede, sentrums vir uitnemendheid en institute (*.sun.ac.za, *.usb.ac.za)
 - c. Institusionele webportale: studenteportaal (www.mymaties.com); personeelportaal (my.sun.ac.za); alumni-portaal (www.matiesalumni.net); portaal vir voornemende studente (www.maties.com); nagraadse portaal (www.sun.ac.za/postgrad).
 - d. Intranet-webwerwe¹ en meewerkende webwerwe
 - e. Webwerwe van studentekoshuise en -verenigings
 - f. Institusionele blogs en wiki's
 - g. Geaffilieerde entiteite se webwerwe wat op die Universiteit se bedieners gehuisves word.
2. Vir die doeleindes van hierdie dokument word alle werwe "webwerwe" genoem, ongeag deur watter tegnologieplatform of inhoudsbestuurstelsel dit gehuisves word, hetsy mobiele tegnologie of nie.
3. Heelwat van die bogenoemde webwerwe is webwerwe wat in 'n mate vir die publiek toeganklik is en behoort daarom die beeld en handelsmerk van die Universiteit Stellenbosch uit te dra en te beskerm.
4. Terselfdertyd moet die etos van 'n universiteit en die vryhede daarvan erken word. Hierdie regulasie poog gevolglik om 'n regverdigde balans tussen beheer en vryheid te skep.
5. Die regulasie omskryf die rolle van belanghebbendes wat by die publiseer, onderhoud, ontwikkeling en huisvesting van universiteitswebwerwe betrokke is.
6. Die regulasie word uitgevaardig ingevolge die Universiteit Stellenbosch se Elektroniese Kommunikasiebeleid (EKB) en is aanvullend tot die EKB.

B. Rolle

1. Webkomitee

- a. Die Webkomitee², wat die instelling in sy geheel verteenwoordig, verrig die volgende funksies:
 - i. Tree as die institusionele beskermer van hierdie regulasie op en stel wysigings daaraan voor wanneer nodig;
 - ii. Ontwikkel webstrategieë vir die Universiteit, maak voorstelle in verband daarmee en verleen advies daaroor; en

¹ Slegs gemagtigde personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch het toegang tot hierdie webwerwe.

² Die Webkomitee is 'n komitee wat die instelling in sy geheel verteenwoordig en ingevolge die Struktuur vir Informatietegnologiebestuur geskep is. Dit vervang die voormalige Portaalkomitee.

- iii. Koördineer geïntegreerde ontwikkelingsprojekte rakende webtegnologieë, -dienste en -platforms.

2. e-Kommunikasie Ontwikkeling (’n onderafdeling van die Afdeling Kommunikasie en Skakeling)

- a. Hierdie onderafdeling is verantwoordelik vir die publiseer van institusionele webwerwe en:
 - i. koördineer en handhaaf die aanlynbeeld, -identiteit en -handelsmerk van die instelling;
 - ii. bestuur institusionele webwerfinhoud;
 - iii. bestuur die inhoud van sekere webportale; en
 - iv. bepaal standaarde vir al die webwerwe van die Universiteit Stellenbosch wat inhoud, ontwerp en die instelling se aanlynbeeld betref.

3. Afdeling Informasietegnologie (IT)

- a. Die Afdeling IT is verantwoordelik vir die bestuur van die gasheeromgewing en behels die volgende:
 - i. ’n Veilige gasheeromgewing;
 - ii. Domeinhuisvesting;
 - iii. Domeinregistrasie en -bestuur van institusionele domeine;
 - iv. Rugsteun- en herstelvermoëns;
 - v. ’n Gewaarborgde beskikbaarheidsvlak in die tegniese omgewing;
 - vi. Die opgradering van verskillende platforms;
 - vii. Die verskaffing van ’n webanaliseplatform of ’n bemiddelingsdiens in dié verband; en
 - viii. Gevorderde ondersteuning.
- b. Die Afdeling IT is verantwoordelik vir die uitkies, argitektuuropstelling en verskaffing van webinhoudbestuurstelsels en webgasheerplatforms vir institusionele gebruik.
- c. Die Afdeling IT behou hom die reg voor om versoeke vir die ontwikkeling van webwerwe en webtoepassings vir webinhoudbestuurstelsels (WIBS [WCMS in Engels]) te weier of webwerwe te huisves op platforms wat nie deur die Afdeling ondersteun of aanbeveel word nie.

4. Webwerfeienaars

- a. Die webwerfeienaar is die “institusionele eienaar” of beskermer van ’n webwerf wat verantwoordelik is vir:
 - i. Die nakoming van hierdie regulasie, asook riglyne ten opsigte van beeld en inhoud;
 - ii. Die aanstel van die webmeester(s);
 - iii. Die bestuur van die webwerfdomein indien dit nie ’n *.ac.za-domein is nie; en
 - iv. Enige koste wat verband hou met die daarstel of bedryf van die webwerf, waar van toepassing.

5. Webmeesters

a. Webmeesters verskaf tegniese steun vir elke webwerf wat hulle as webmeester bedien. Hulle is verantwoordelik vir:

- i. Die bestuur van die webwerfinhoud;
- ii. Die toekenning van regte aan 'n ander individu om die webwerf te onderhou indien die webwerfontwikkelaar nie van die Universiteit Stellenbosch is nie. In sodanige geval moet die webwerfeienaar toestemming verleen dat die toegangsregte aan die eksterne diensverskaffer toegeken word;
- iii. Die toepassing van sekerheidprogrammatuur-bywerkings vir die webinhoudbestuurstelsel (WIBS) of -platform, indien dit nie 'n WIBS of WIBS-platform is wat die Afdeling IT ondersteun of administreer nie;
- iv. Die verskaffing van gebruiksontleidings aan die webwerfeienaar; en
- v. Die oordrag van enige tegniese versoeke aan die Afdeling IT.

C. Gasheer- en publiseervoorwaardes

1. Toegelate webwerwe en -tariewe

- a. Webwerwe van enigeen van die Universiteit Stellenbosch se fakulteite, skole, departemente, afdelings, eenhede of institute, sentrums, navorsingsgroepe, studentekoshuise, sportorganisasies, of studenteorganisasies wat by die Studenteraad geregistreer is, kan tot 'n bepaalde stoorlimiet gratis op die Universiteit se bedieners gehuisves word, welke limiet van tyd tot tyd vasgestel word. Gasheertariewe word gehef bo dié limiet.
 - b. Die Universiteit Stellenbosch kan besluit om die volgende bykomende webwerwe op sy infrastruktuur te huisves:
 - i. Webwerwe wat verband hou met akademiese of navorsingsaktiwiteite *en* inkomste genereer; of
 - ii. Geaffilieerde werwe: vakkundige verenigings of nasionale institute se webwerwe, wat die verantwoordelikheid van 'n fakulteit, skool, departement of afdeling van die Universiteit is.
 - c. Die volgende voorwaardes geld vir die webwerwe wat in C1b hierbo omskryf word:
 - i. Domeinregistrasie (ander domeine as dié van institusionele webwerwe) is die verantwoordelikheid van die webwerfeienaar;
 - ii. 'n Gasheertarief wat van tyd tot tyd vasgestel word, word vir al sodanige webwerwe gehef.
 - d. Die huisvesting van toegewysde webbedieners (eie webbedieners) word toegelaat onderworpe aan bepaalde goedkeuring deur die Senior Direkteur: IT. Hierdie versoeke moet volledig gemotiveer word. Die gemelde bedieners is almal onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasie.
 - e. Webwerwe wat op bedieners buite die Afdeling IT se datasentra geleë is, sal nie van buite die kampusnetwerk toeganklik wees nie.
 - f. Die Universiteit Stellenbosch se hulpbronne mag nie gebruik word om webwerwe te skep wat hoofsaaklik vir privaat sake of persoonlike gewin gebruik word nie, behalwe waar ander beleide van die Universiteit dit so bepaal.
2. 'n Goedgekeurde skrywer mag oor die algemeen inhoud vryelik op 'n webwerf pos, solank dit nie onwettig, onweloweglik, lasterlik, dreigend of 'n skending van intellektuele eiendomsregte is nie, of inbreuk maak op privaatheid of andersins lasterlik of aanstootlik is nie.
 3. Die Universiteit Stellenbosch se naam mag nie gebruik word om enige produk, mening, saak of politieke kandidaat te steun nie. Die voorstelling van persoonlike mening as synde gesteun deur die Universiteit Stellenbosch word streng verbied.
 4. Die Universiteit Stellenbosch kan limiete en gasheertariewe instel wat die gebruik van die gasheerdiens betref en dit te eniger tyd aanpas. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, die totale omvang van die webbladsy-inhoud, die grootte van beelde en grafika, programmatuur of ander materiaal wat op 'n webbladsy gepos word.
 5. Al die webwerwe in C1a en C1bi is onderworpe aan die beleide betreffende institusionele beeld en die voorsiening van handelsname.
 6. Die Universiteit Stellenbosch is van voorneme om die inhoud van alle gasheerwebbladsye te argiveer vir nie-kommerciële, geskiedkundige doeleindes. Deur die gasheerdiens te gebruik verleen skrywers aan die Universiteit nie-eksklusiewe regte om webwerfinhoud in enige formaat te argiveer.
 7. Die Universiteit Stellenbosch behou hom die reg voor om enige webwerfinhoud wat meer as 2 (twee) jaar laas bygewerk is te eniger tyd en geheel na eie goeddunke te verwyder, nadat die Universiteit alles in sy vermoë gedoen het om die werfeienaar op te spoor.

8. Die Universiteit Stellenbosch behou hom die reg voor om enige inhoud wat hy meen strydig met Universiteitsbeleid of plaaslike, provinsiale en nasionale verordeninge of wetgewing is, of teen item C2 hierbo indruis, te eniger tyd en geheel na goeddunke te verwyder.
9. Webwerf-spesifieke voorwaardes wat ander gebruikers behalwe webwerfeienaars, webmeesters, webredigeerders of gemagtigde skrywers toelaat om inhoud op bladsye by te voeg (bv. blogs waar kommentaar toegelaat word):
 - a. Die volgende verklaring moet op 'n "Voorwaardes"-bladsy verskyn, met 'n skakel daarheen op elke bladsy, tensy die bladsy uitdruklik goedgekeur is vir amptelike sake van die Universiteit: "Die standpunte en menings wat op hierdie bladsy uitgespreek word is dié van die bladsy se outeur(s) en die inhoudmedewerker(s). Die Universiteit Stellenbosch het nie die bladsy-inhoud nagegaan of goedgekeur nie."

D. Domeinname

1. Die Universiteit Stellenbosch se amptelike internetdomein is SUN.AC.ZA³.
2. Alle webwerwe van die Universiteit Stellenbosch word geskep as deel van die sun.ac.za-domein, welke domein die alleendomein is.
3. Die registrasie van bykomende *.ac.za-domeine moet deur die Senior Direkteur: IT in oorleg met InnovUS en die Afdeling Kommunikasie en Skakeling goedgekeur word. Sodanige domein-versoeke sal slegs oorweeg word indien:
 - a. Die versoek voldoen aan die kriteria wat in die *.ac.za-registrateur se reëls⁴ omskryf word, en,
 - b. Die Universiteit 'n gasheer is vir die entiteit wat die versoek rig, waar die entiteit verskeie instellings akkommodeer of verteenwoordig (bv. die Kaapse biblioteekkonsortium (CALICO)).
4. Al die ander nie-.ac.za-domeinname (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot *.co.za, *.org, *.com, .net) wat deur entiteite van die Universiteit Stellenbosch gebruik word, of gebruik gaan word, moet deur InnovUS⁵ goedgekeur word.
 - a. Die Afdeling IT vereis dat die domeinnaambediener (DNB [DNS in Engels]) se gasheerdiens vir sodanige domeine weg van die perseel geleë moet wees.

E. Advertensies

Die verkoop van aanlyn-advertensieruimte aan nie-Universiteitentiteite op enige webwerf wat deur die Universiteit Stellenbosch gehuisves word, is streng verbode, behalwe op institusionele webportale, soos gekoördineer deur die Universiteit se kantoor vir e-Kommunikasie.

F. Kopiereg

Geen materiaal wat deur kopiereg beskerm word mag gepubliseer word nie tensy die webwerfeienaar of -skrywer:

1. die kopieregeienaar is,
2. die uitdruklike, skriftelike toestemming van die kopieregeienaar het om die materiaal wat deur kopiereg beskerm word op die webwerf te pos, of

³ Die Tertiary Education Network (TENET) is die registrateur vir *.ac.za-internetdomeine in Suid-Afrika.

⁴ *.ac.za-domeine word toegeken volgens die kriteria wat die TENET publiseer by <http://www.ac.za/index.htm#elig>. TENET allokeer egter domeine gebaseer op die aanbevelings van die Universiteit se Senior Direkteur: IT.

⁵ InnovUS is die beskermer van die Universiteit Stellenbosch se intellektuele eiendom.

3. redelik seker is dat die gebruik van enige materiaal wat deur kopiereg beskerm word voldoen aan die beginsel van "billike hantering" ["fair dealing" in Engels] soos omskryf in Suid-Afrikaanse kopieregwetgewing.

G. Oortredings

Enige persoon wat die Universiteit Stellenbosch se rekenaarhulpbronne misbruik of die Universiteit se beleid of regulasie betreffende die gebruik daarvan oortree, is onderhewig aan die Universiteit se bestaande dissiplinêre prosedures ingevolge die EKB.

H. Die Universiteit Stellenbosch behou hom die reg voor om hierdie regulasie te eniger tyd en na eie goeëdunke te wysig.




Geteken:
RF Pina
Direkteur: Informasietegnologie (Ontwikkeling) en Voorsitter van die Portaalkomitee



Geteken:
MW Dreijer
Senior Direkteur: Informasietegnologie

Geteken namens die Rektor se Bestuurspan:



Geteken:
Prof L van Huyssteen
Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies
Datum: 20 Junie 2011